Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# Staatskoerant
# Government Gazette

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands **70c** Other countries
Posvry • Post free

***Regulasiekoerant***
***Regulation Gazette***
**No. 4235**

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor geregistreer*
*Registered at the Post Office as a Newspaper*

Vol. 278 PRETORIA, 5 AUGUSTUS / AUGUST 1988 No. 11443

## GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

## DEPARTEMENT VAN FINANSIES

**No. R. 1556** **5 Augustus 1988**

DOEANE- EN AKSYNSWET, 1964

WYSIGING VAN BYLAE 1 (No. 1/1/68)

Kragtens artikel 48 van die Doeane- en Aksynswet, 1964, word Deel 1 van Bylae 1 by genoemde Wet hiermee gewysig in die mate in die Bylae hiervan aangetoon.

G. MARAIS,
Adjunk-minister van Finansies.

## GOVERNMENT NOTICES

## DEPARTMENT OF FINANCE

**No. R. 1556** **5 August 1988**

CUSTOMS AND EXCISE ACT, 1964

AMENDMENT OF SCHEDULE 1 (No. 1/1/68)

Under section 48 of the Customs and Excise Act, 1964, Part 1 of Schedule 1 to the said Act is hereby amended to the extent set out in the Schedule hereto.

G. MARAIS,
Deputy Minister of Finance.

BYLAE

| Pos | Subpos | T. S. | Artikel Beskrywing | Statis-tiese Eenheid | Skaal van Reg | Anno-tasies |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 39.26 | | | Deur na subpos No. 3926.20.10 die volgende in te voeg: | | | |
| | ".20 | 2 | Eenstuk beskermende pakke wat toebehore vir verbinding aan asemhalingtoestelle inkorporeer | getal | vry" | |

*Opmerking.*—Afsonderlike voorsiening word gemaak vir eenstuk beskermende pakke van plastieke, wat toebehore vir verbinding aan asemhalingtoestelle inkorporeer, teen 'n skaal van reg van vry.

SCHEDULE

| Heading | Sub-heading | C. D. | Article Description | Statistical Unit | Rate of Duty | Annota-tions |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 39.26 | | | By the insertion after subheading No. 3926.20.10 of the following: | | | |
| | ".20 | 2 | One piece protective suits incorporating fittings for connection to breathing apparatus | no. | free" | |

*Note.*—Separate provision is made for one piece protective suits, of plastics, incorporating fittings for connection to breathing apparatus, at a rate of duty of free.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# DEPARTEMENT VAN HANDEL EN NYWERHEID

**No. R. 1551** **5 Augustus 1988**

WET OP PRYSBEHEER, 1964

AANWYSING VAN ADJUNK-PRYSKONTROLEUR

Ek, Johannes Everhardus Martinus Vos, Pryskontroleur, maak hierby vir algemene inligting bekend dat ek, handelende kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 3 van die Wet op Prysbeheer, 1964 (Wet 25 van 1964), Johannes Hendrik Coetzer as Adjunk-pryskontroleur aangewys het.

Goewermentskennisgewing R. 2289 van 16 Oktober 1987 word hierby met ingang van 5 Augustus 1988 ingetrek.

J. E. M. VOS,

Pryskontroleur.

# DEPARTMENT OF TRADE AND INDUSTRY

**No. R. 1551** **5 August 1988**

PRICE CONTROL ACT, 1964

DESIGNATION OF DEPUTY PRICE CONTROLLER

I, Johannes Everhardus Martinus Vos, Price Controller, do hereby make known for general information, that in terms of the powers vested in me by section 3 of the Price Control Act, 1964 (Act 25 of 1964), I have designated Johannes Hendrik Coetzer as Deputy Price Controller.

Government Notice R. 2289 of 16 October 1987 is hereby withdrawn with effect from 5 August 1988.

J. E. M. VOS,

Price Controller.

# DEPARTEMENT VAN LANDBOU-EKONOMIE EN -BEMARKING

**No. R. 1561** **5 Augustus 1988**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

REGULASIES BETREFFENDE KORING- EN ROGPRODUKTE.—WYSIGING

Die Minister van Landbou het kragtens artikel 89 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

## BYLAE

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies gepubliseer by Goewermentskennisgewing R. 1981 van 30 September 1977, soos gewysig deur die regulasies gepubliseer by Goewermentkennisgewings R. 564 van 23 Maart 1978, R. 968 van 12 Mei 1978, R. 986 van 19 Mei 1978, R. 1979 van 29 September 1978, R. 1759 van 17 Augustus 1979, R. 1142 van 6 Junie 1980, R. 2151 van 24 Oktober 1980, R. 1097 van 22 Mei 1981, R. 2384 van 30 Oktober 1981, R. 1548 van 20 Julie 1984, R. 2453 van 9 November 1984, R. 1429 van 28 Junie 1985, R. 2275 van 7 Oktober 1985, R. 771 van 25 April 1986, R. 1475 van 11 Julie 1986, R. 2103 van 3 Oktober 1986 en R. 42 van 15 Januarie 1988.

***Vervanging van regulasie 4 van die Regulasies***

2. Regulasie 4 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

*"Koringmeelblom*

4. (1) Koringmeelblom moet, behoudens die toelaatbare afwykings in subregulasie (2) uiteengesit, aan die volgende vereistes voldoen:

(a) *Koekmeelblom.*—Koekmeelblom is suiwer, gesonde koringmeelblom—

(i) met 'n voginhoud van hoogstens 14 % (m/m);

(ii) met 'n asinhoud van hoogstens 0,55 % (m/m) op 'n vogvrye basis; en

(iii) wat fyn genoeg is om deur 'n 212-mikrondraadmaassif te gaan.

# DEPARTMENT OF AGRICULTURAL ECONOMICS AND MARKETING

**No. R. 1561** **5 August 1988**

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

REGULATIONS RELATING TO WHEATEN AND RYE PRODUCTS.—AMENDMENT

The Minister of Agriculture has under section 89 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), made the regulations in the Schedule.

## SCHEDULE

***Definitions***

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published by Government Notice R. 1981 of 30 September 1977, as amended by the regulations published by Government Notices R. 564 of 23 March 1978, R. 968 of 12 May 1978, R. 986 of 19 May 1978, R. 1979 of 29 September 1978, R. 1759 of 17 August 1979, R. 1142 of 6 June 1980, R. 2151 of 24 October 1980, R. 1097 of 22 May 1981, R. 2384 of 30 October 1981, R. 1548 of 20 July 1984, R. 2453 of 9 November 1984, R. 1429 of 28 June 1985, R. 2275 of 7 October 1985, R. 771 of 25 April 1986, R. 1475 of 11 July 1986, R. 2103 of 3 October 1986 and R. 42 of 15 January 1988.

***Substitution of regulation 4 of the Regulations***

2. The following regulation is hereby substituted for regulation 4 of the Regulations:

*"Wheaten flour*

4. (1) Wheaten flour shall, subject to the permissible deviations set out in subregulation (2), comply with the following requirements:

(a) *Cake flour.*—Cake flour shall be pure, sound wheaten flour—

(i) with a moisture content not exceeding 14 % (m/m);

(ii) with an ash content not exceeding 0,55 % (m/m) on a moisture-free basis; and

(iii) which is sufficiently fine to pass through a 212 micron wire mesh sieve.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) *Witbroodmeelblom.*—Witbroodmeelblom is suiwer, gesonde koringmeelblom—

(i) met 'n voginhoud van hoogstens 14 % (m/m);

(ii) met 'n asinhoud van minstens 0,60 % (m/m) en hoogstens 0,82 % (m/m) op 'n vogvrye basis; en

(iii) wat fyn genoeg is om deur 'n 212-mikrondraadmaassif te gaan.

(c) *Ongespesifiseerde koringmeelblom.*—Koringmeelblom wat nie aan die spesifikasies van koekmeelblom of witbroodmeelblom in paragraaf (a) of (b) uiteengesit, voldoen nie, word geag ongespesifiseerde koringmeelblom te wees.

(2) Koringmeelblom wat nie aan 'n spesifikasie in subregulasie (1) (a) of (1) (b) uiteengesit, voldoen nie, sal, nieteenstaande die bepalings van genoemde subregulasie, geag word aan die genoemde spesifikasie vir 'n bepaalde klas te voldoen, indien sodanige koringmeelblom—

(a) in die geval van 'n spesifikasie met betrekking tot die voginhoud, met hoogstens 0,1 persentasie-eenhede van die voorgekrewe maksimum afwyk; en

(b) in die geval van 'n spesifikasie met betrekking tot die asinhoud van koekmeelblom, met nie meer as 0,01 persentasie-eenhede en, in die geval van witbroodmeelblom, met hoogstens 0,03 persentasie-eenhede van die minimum of maksimum voorgeskrewe asinhoud afwyk.".

***Vervanging van regulasie 5 van die Regulasies***

3. Regulasie 5 van die Regulasies word hierby deur die volgende regulasie vervang:

*"Koringmeel*

5. (1) Koringmeel moet behoudens die toelaatbare afwykings in subregulasie (2) uiteengesit, aan die volgende vereistes voldoen:

(a) *Bruinbroodmeel.*—Bruinbroodmeel is suiwer, gesonde koringmeel—

(i) met 'n voginhoud van hoogstens 14 % (m/m); en

(ii) wat, indien dit deur 'n 212-mikrondraadmaassif gesif word, 'n semelinhoud van 12,5 % (m/m) sal hê: Met dien verstande dat bruinbroodmeel wat 'n semelinhoud van minstens 10 % (m/m) en hoogstens 15 % (m/m) het, geag word aan genoemde semelinhoudvereistes te voldoen: Met dien verstande verder dat—

(aa) die meelblomfraksie wat deur 'n 212-mikrondraadmaassif gaan, 'n asinhoud van minstens 0,60 % (m/m) en hoogstens 0,82 % (m/m) op 'n vogvrye basis het; en

(bb) die semels wat bo-op 'n 212-mikrondraadmaassif agterbly, 'n asinhoud van minstens 3 % (m/m) op 'n vogvrye basis het.

(b) *Volkoringmeel.*—Volkoringmeel is suiwer, gesonde koringmeel—

(i) met 'n voginhoud van hoogstens 14 % (m/m); en

(ii) met 'n asinhoud van minstens 1,50 % (m/m) en hoogstens 1,90 % (m/m) op 'n vogvrye basis.

(c) *Ongespesifiseerde koringmeel.*—Koringmeel wat nie aan die spesifikasies vir bruinbroodmeel of volkoringmeel in paragraaf (a) of (b) uiteengesit, voldoen nie, word geag ongespesifiseerde koringmeel te wees.

(2) Koringmeel wat nie aan 'n spesifikasie in subregulasie (1) (a) of (1) (b) uiteengesit, voldoen nie, sal, nieteenstaande die bepalings van genoemde subregulasie geag word aan genoemde spesifikasie vir 'n bepaalde klas te voldoen, indien sodanige koringmeel—

(a) in die geval van 'n spesifikasie met betrekking tot die voginhoud, met hoogstens 0,1 persentasie-eenhede van die voorgeskrewe maksimum afwyk;

(b) *White bread flour.*—White bread flour shall be pure, sound wheaten flour—

(i) with a moisture content not exceeding 14 % (m/m);

(ii) with an ash content of not less than 0,60 % (m/m) and not exceeding 0,82 % (m/m) on a moisture-free basis; and

(iii) which is sufficiently fine to pass through a 212 micron wire mesh sieve.

(c) *Unspecified wheaten flour.*—Wheaten flour which does not comply with the specifications of cake flour or white bread flour set out in paragraph (a) or (b) shall be deemed to be unspecified wheaten flour.

(2) Wheaten flour which does not comply with a specification set out in subregulation 1 (a) or 1 (b) shall, notwithstanding the provisions of the said subregulation, be deemed to comply with any such specification for a particular class if such wheaten flour—

(a) in the case of a specification relating to the moisture content, deviates by not more than 0,1 percentage units from the maximum prescribed; and

(b) in the case of a specification relating to the ash content set out in subregulation 1 (a) (ii), deviates by not more than 0,01 percentage units or, as set out in subregulation 1 (b) (ii), deviates by not more than 0,03 percentage units from the prescribed minimum or maximum ash content.".

***Substitution of regulation 5 of the Regulations***

3. The following regulation is hereby substituted for regulation 5 of the Regulations:

*"Wheaten meal*

5. (1) Wheaten meal shall, subject to the permissible deviations set out in subregulation (2), comply with the following requirements:

(a) *Brown bread meal.*—Brown bread meal shall be pure, sound wheaten meal—

(i) with a moisture content not exceeding 14 % (m/m); and

(ii) which, when sieved through a 212 micron wire mesh sieve, has a bran content of 12,5 % (m/m): Provided that brown bread meal with a bran content of not less than 10,0 % (m/m) and not exceeding 15 % (m/m) shall be deemed to comply with the above-mentioned bran content requirement: Provided further that—

(aa) the flour fraction which passes through a 212 micron wire mesh sieve has an ash content of not less than 0,60 % (m/m) and not exceeding 0,82 % (m/m) on a moisture-free basis; and

(bb) the bran remaining above the 212 micron wire mesh sieve has an ash content of not less than 3 % (m/m) on a moisture-free basis.

(b) *Whole-wheat meal.*—Whole-wheat meal shall be pure, sound wheaten meal—

(i) with a moisture content not exceeding 14 % (m/m); and

(ii) with an ash content of not less than 1,50 % (m/m) and not exceeding 1,90 % (m/m) on a moisture-free basis.

(c) *Unspecified wheaten meal.*—Wheaten meal which does not comply with the specifications of brown bread meal or whole-wheat meal set out in paragraph (a) or (b), shall be deemed to be unspecified wheaten meal.

(2) Wheaten meal which does not comply with a specification set out in subregulation 1 (a) or 1 (b) shall, notwithstanding the provisions of the said subregulation, be deemed to comply with any such specification for a particular class if such wheaten meal—

(a) in the case of a specification relating to the moisture content, deviates by not more than 0,1 percentage units from the maximum prescribed;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) in die geval van 'n spesifikasie met betrekking tot die asinhoud van die meelblomfraksie in subregulasie (1) (a) (ii) (aa) uiteengesit, met hoogstens 0,03 persentasie-eenhede van die minimum of maksimum voorgeskrewe asinhoud afwyk;

(c) in die geval van 'n spesifikasie met betrekking tot die asinhoud van die semels in subregulasie (1) (a) (ii) (bb) uiteengesit, met hoogstens 0,1 persentasie-eenhede van die minimum afwyk; en

(d) in die geval van 'n spesifikasie met betekking tot die asinhoud van volkoringmeel met hoogstens 0,03 persentasie-eenhede van die voorgeskrewe minumum of maksimum asinhoud afwyk.".

(b) in the case of a specification relating to the ash content of the flour fraction set out in subregulation (1) (a) (ii) (aa) deviates by not more tan 0,03 percentage units from the minimum or maximum ash content prescribed;

(c) in the case of a specification relating to the ash content of the bran set out in subregulation (1) (a) (ii) (bb) deviates by not more than 0,1 percentage units from the minimum prescribed; and

(d) in the case of a specification relating to the ash content of whole-wheat meal deviates by not more than 0,03 percentage units from the minimum or maximum ash content prescribed.".

**No. R. 1562 5 Augustus 1988**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SUIWELSKEMA.—HEFFING EN SPESIALE HEFFING OP SUIWELPRODUKTE—WYSIGING

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, maak hierby ingevolge artikel 79 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), bekend dat—

(a) die Suiwelraad bedoel in artikel 6 van die Suiwelskema gepubliseer by Proklamasie R. 290 van 1978, soos gewysig, kragtens artikels 21 en 22 van genoemde Skema die Bylae by Goewermentskennisgewing R. 863 van 29 April 1988 gewysig het in die mate in die Bylae hierby uiteengesit; en

(b) genoemde wysiging deur my goedgekeur is en op die datum van publikasie hiervan in werking tree.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou.

**BYLAE**

Die Bylae by Goewermentskennisgewing R. 863 van 29 April 1988 word hierby gewysig deur die volgende subklousule na subklousule (3) van klousule 3 by te voeg:

"(4) Iemand wat die spesiale heffing ten opsigte van die nywerheidsmelk vermeld in item 1 van Tabel 2 moet betaal, kan 'n bedrag van 0,44 sent per kilogram bottervet en 0,67 sent per kilogram proteïen van die produsent van sodanige nywerheidsmelk verhaal.".

**No. R. 1562 5 August 1988**

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

DAIRY SCHEME.—LEVY AND SPECIAL LEVY ON DAIRY PRODUCTS—AMENDMENT

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known in terms of section 79 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), that—

(a) the Dairy Board referred to in section 6 of the Dairy Scheme published by Proclamation R. 290 of 1978, as amended, has under sections 21 and 22 of the said Scheme amended the Schedule to Government Notice R. 863 of 29 April 1988 to the extent set out in the Schedule hereto; and

(b) the said amendment has been approved by me and shall come into operation on the date of publication hereof.

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Agriculture.

**SCHEDULE**

The Schedule to Government Notice R. 863 of 29 April 1988 is hereby amended by the addition after subclause (3) of clause 3 of the following subclause:

"(4) Any person who has to pay the special levy in respect of the industrial milk specified in item 1 of Table 2, may recover an amount of 0,44 cents per kilogram butterfat and 0,67 cents per kilogram protein from the producer of such industrial milk.".

**No. R. 1563 5 Augustus 1988**

BEMARKINGSWET, 1968 (WET 59 VAN 1968)

SOMERGRAANSKEMA.—VERBOD OP DIE VERKOOP VAN MIELIES DEUR PRODUSENTE

Ek, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister van Landbou, maak hierby ingevolge artikel 79 van die Bemarkingswet, 1968 (Wet 59 van 1968), bekend dat—

(a) die Mielieraad bedoel in artikel 6 van die Somergraanskema gepubliseer by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig, kragtens artikel 38 van genoemde Skema die verbod in die Bylae uiteengesit opgelê het;

(b) genoemde verbod deur my goedgekeur is en op die datum van publikasie hiervan in werking tree; en

(c) Goewermentskennisgewings R. 1059 van 15 Mei 1981, R. 1089 van 20 Mei 1983 en R. 770 van 4 April 1985 met ingang van genoemde datum van inwerkingtreding herroep word.

J. J. G. WENTZEL,
Minister van Landbou.

**No. R. 1563 5 August 1988**

MARKETING ACT, 1968 (ACT 59 OF 1968)

SUMMER GRAIN SCHEME.—PROHIBITION OF THE SALE OF MAIZE BY PRODUCERS

I, Jacob Johannes Greyling Wentzel, Minister of Agriculture, hereby make known in terms of section 79 of the Marketing Act, 1968 (Act 59 of 1968), that—

(a) the Maize Board referred to in section 6 of the Summer Grain Scheme published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended, has under section 38 of the said Scheme imposed the prohibition set out in the Schedule;

(b) the said prohibition has been approved by me and shall come into operation on the date of publication hereof; and

(c) Government Notices R. 1059 of 15 May 1981, R. 1089 of 20 May 1983 and R. 770 of 4 April 1985 are repealed with effect from the said date of commencement.

J. J. G. WENTZEL,
Minister of Agriculture.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



## BYLAE

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Bylae het enige woord of uitdrukking waaraan 'n betekenis in die Skema geheg is, daardie betekenis en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"die regulasies" die regulasies met betrekking tot die gradering en verpakking van mielies wat kragtens artikel 89 van die Wet uitgevaardig is;

"die Skema" die Somergraanskema gepubliseer by Proklamasie R. 45 van 1979, soos gewysig;

"Gebied A" Gebied A soos in die regulasies omskryf;

"Gebied B" Gebied B soos in die regulasies omskryf;

"mieliehandelaar" 'n persoon wat ingevolge artikel 36 van die Skema geregistreer is om op 'n bepaalde perseel mielies van produsente daarvan aan te koop om met sodanige mielies as 'n besigheid te handel; en

"mielies" mielies van die klasse in die regulasies vermeld, met inbegrip van mielies in ongedorste vorm, maar met uitsluiting van groenmielies bestem vir menslike verbruik as groenmielies.

***Verbod op produsente***

2. (1) Geen produsent van mielies in Gebied A mag mielies verkoop nie behalwe aan of deur bemiddeling van die Raad.

(2) Geen produsent van mielies in Gebied B mag mielies verkoop nie behalwe aan of deur bemiddeling van die Raad of aan 'n mieliehandelaar.

(3) Geen produsent van mielies buite Gebied A of Gebied B mag mielies in enigeen van genoemde Gebiede verkoop nie behalwe—

(a) indien dit in Gebied A aan of deur bemiddeling van die Raad verkoop word; en

(b) indien dit in Gebied B aan of deur bemiddeling van die Raad of aan 'n mieliehandelaar verkoop word.

## SCHEDULE

***Definitions***

1. Any word or expression in this Schedule to which a meaning has been assigned in the Scheme shall have that meaning and, unless the context otherwise indicates—

"Area A" means Area A as defined in the regulations;

"Area B" means Area B as defined in the regulations;

"maize" means maize of the classes specified in the regulations, including maize in unthreshed form, but excluding green maize for human consumption as green maize;

"maize trader" means a person who is registered in terms of section 36 of the Scheme to buy maize from producers thereof on a specific premises to deal with such maize in the course of trade;

"the regulations" means the regulations relating to the grading and packing of maize that were made under section 89 of the Act; and

"the Scheme" means the Summer Grain Scheme published by Proclamation R. 45 of 1979, as amended.

***Prohibition on producers***

2. (1) No producer of maize within Area A shall sell maize except to or through the Board.

(2) No producer of maize within Area B shall sell maize except to or through the Board or to a maize trader.

(3) No producer of maize outside Area A or Area B shall sell such maize within any one of the said Areas except—

(a) if it is sold within Area A to or through the Board; and

(b) if it is sold within Area B to or through the Board or to a maize trader.

# DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

**No. R. 1521** **5 Augustus 1988**

REGULASIES KRAGTENS DIE WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983 (WET 6 VAN 1983)

Die Minister van Mannekrag het kragtens artikel 35 van die Wet op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983), die regulasies in die Bylae uitgevaardig.

## BYLAE

ALGEMENE MASJINERIEREGULASIES

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Regulasies het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet 'n betekenis geheg word, die betekenis aldus daaraan geheg en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"afdelingsinspekteur" die afdelingsinpekteur in regulasie 1 van die Algemene Administratiewe Regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984 bedoel;

"bouwerk" bouwerk soos in die Algemene Administratiewe Regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2206 van 5 Oktober 1984 omskryf;

# DEPARTMENT OF MANPOWER

**No. R. 1521** **5 August 1988**

REGULATIONS UNDER THE MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983 (ACT 6 OF 1983)

The Minister of Manpower has, under section 35 of the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983), made the regulations in the Schedule

## SCHEDULE

GENERAL MACHINERY REGULATIONS

***Definitions***

1. In these Regulations any word or expression to which a meaning has been assigned in the Act, shall have the meaning so assigned and, unless the context otherwise indicates—

"building work" means building work as defined in the General Administrative Regulations, published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984;

"certificated engineer" means any person to whom a certificate of competency referred to in regulation E1 (1) of the Regulations, published under Government Notice R. 929 of 28 June 1963, has been granted and includes any person who is the holder of a certificate of competency in mechanical or electrotechnical engineering issued before 1 January 1966 under the Mines and Works Act, 1956 (Act 27 of 1956);

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



"bevoegde persoon" met betrekking tot masjinerie, 'n persoon wat—

(a) 'n vakleerlingskap uitgedien het in 'n ingenieursbedryf wat die bediening en onderhoud van masjinerie ingesluit het, of minstens vyf jaar praktiese ondervinding in die bediening en onderhoud van masjinerie gehad het, en wat gedurende of na sodanige vakleerlingskap of tydperk van praktiese ondervinding, na gelang van die geval, minstens een jaar ondervinding gehad het in die bediening en onderhoud wat toepaslik is op die klas masjinerie waaroor hy toesig moet hou;

(b) 'n ingenieursdiploma verwerf het in òf die werktuigkundige òf die Elektrotegniese (swaarstroom) velde met 'n akademiese kwalifikasie van ten minste T3 of N5, of van 'n gelykstaande vlak, en wat na verwerwing van sodanige kwalifikasie minstens twee jaar praktiese ondervinding gehad het in die bediening en onderhoud wat toepaslik is op die klas masjinerie waaroor hy toesig moet hou;

(c) 'n gegradueerde ingenieur is en minstens twee jaar nagraadse praktiese ondervinding gehad het in die bediening en onderhoud wat toepaslik is op die klas masjinerie waaroor hy toesig moet hou en wat die eksamen in die Wet en die regulasies wat daaronder uitgevaardig is wat afgeneem word deur die Eksamenkommissie ingevolg regulasie E5 (2) van die regulasies afgekondig onder Goewermentskennisgewing R. 929 van 28 Junie 1963 geslaag het of;

(d) 'n gediplomeerde ingenieur is;

"die Wet" op Masjinerie en Beroepsveiligheid, 1983 (Wet 6 van 1983);

"elektriese installasie" 'n elektriese installasie soos in regulasie 1 van die Elektriese Installasieregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2270 van 11 Oktober 1985 omskryf;

"gediplomeerde ingenieur" iemand aan wie 'n sertifikaat van bevoegdheid bedoel in regulasie E1 (1) van die Regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 929 van 28 Junie 1963, toegeken is, asook iemand wat die houer is van 'n sertifikaat van bevoegdheid as werktuigkundige of elektrotegniese ingenieur wat voor 1 Januarie 1966 kragtens die Wet op Myne en Bedrywe, 1956 (Wet 27 van 1956) uitgereik is;

"gegradueerde ingenieur" iemand wat 'n graad in werktuigkundige of elektrotegniese ingenieurswese by 'n Suid-Afrikaanse Universiteit of 'n graad wat deur die Departement van Nasionale Opvoeding as gelykstaande aan so 'n graad erken word, verwerf het;

"goederehyser" 'n hyser wat uitsluitlik gebruik word vir die vervoer van goedere en die oppassers en bedieners wat nodig en gemagtig is om daarin te ry, maar nie ook 'n hysmasjien wat met die hand gewerk word nie;

"hyser" 'n hyser, hysmasjien of ander toestel wat gebruik word vir die vervoer van persone en goedere deur middel van 'n hysbak, hyshok, hysraam of ander houer in 'n luikgang aan vaste leispore, maar nie ook 'n bouershysmasjien of 'n hysmasjien wat met die hand gewerk word nie;

"lewendig" elektries gelaai;

"roltrap" 'n kragaangedrewe skuins deurlopende trap met bewegende trappies en handrelings wat bestem is vir die vervoer van persone van een vlak na 'n ander;

"skofman" 'n persoon wat in diens geneem is om oor die gebruik van masjinerie toesig te hou en wat oor die nodige kennis en ondervinding beskik om die veilige gebruik van sodanige masjinerie te verseker.

"competent person" in relation to machinery, means any person who—

(a) has served an apprenticeship in an engineering trade which included the operation and maintenance of machinery, or has had at least five years' practical experience in the operation and maintenance of machinery, and who during or subsequent to such apprenticeship or period of practical experience, as the case may be, has had not less than one year's experience in the operation and maintenance appropriate to the class of machinery he is required to supervise;

(b) has obtained an engineering diploma in either the mechanical or electrotechnical (heavy current) fields with an academic qualification of at least T3 or N5, or of an equivalent level, and who subsequent to achieving such qualification has had not less than two years' practical experience in the operation and maintenance appropriate to the class of machinery he is required to supervise;

(c) is a graduate engineer and has had not less than two years' post-graduate practical experience in the operation and maintenance appropriate to the class of machinery he is required to supervise and who has passed the examination on the Act and the regulations made thereunder, held by the Commission of Examiners in terms of regulation E5 (2) of the regulations published under Government Notice R. 929 of 28 June 1963; or

(d) is a certificated engineer;

"divisional inspector" means the divisional inspector referred to in regulation 1 of the General Administrative Regulations, published under Government Notice R. 2206 of 5 October 1984;

"electrical installation" means any electrical installation as defined in regulation 1 of the Electrical Installation Regulations, published under Government Notice R. 2270 of 11 October 1985;

"elevator" means any lift, hoist or other appliance used for the conveyance of persons and goods by means of a car, cage, cradle or other receptacle in a hatchway on fixed guides, but does not include a builder's hoist or a hoist worked by hand power;

"escalator" means any power-driven inclined continuous stairway with moving steps and hand rails which is intended for the conveyance of persons from one level to another;

"goods elevator" means any elevator used solely for the conveyance of goods and such attendants and operators as are necessary and authorised to travel therein, but does not include a hoist worked by hand power;

"graduate engineer" means any person who has obtained a degree in mechanical or electrotechnical engineering at a South African university, or a degree recognised by the Department of National Education as equivalent to any such degree;

"live" or "alive" means electrically charged;

"shiftsman" means any person employed to supervise the use of machinery and who has the necessary knowledge and experience to ensure the safe use of such machinery;

"the Act" means the Machinery and Occupational Safety Act, 1983 (Act 6 of 1983).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



***Toesig oor masjinerie***

2. (1) Ten einde te verseker dat die bepalings van die Wet en hierdie Regulasies met betrekking tot masjinerie nagekom word, moet 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie, behoudens hierdie regulasie, 'n persoon in 'n heeltydse hoedanigheid skriftelik aanwys ten opsigte van elke perseel waarop of waarin masjinerie gebruik word.

(2) Die hoofinspekteur kan, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie toelaat om meer as een persoon ingevolge subregulasie (1) aan te wys.

(3) Behoudens die bepalings van hierdie regulasie moet 'n persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangewys word 'n bevoegde persoon wees.

(4) (a) Indien—

(i) die som van die krag wat deur masjinerie op of in die betrokke perseel opgewek en die krag wat van ander bronne, met inbegrip van die opwekking van stoom vir prosesseringsdoeleindes, verkry word meer as 1 200 kW, maar minder as 3 000 kW is, moet die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangewys word 'n persoon wees soos in paragraaf (b), (c) of (d) van die omskrywing van bevoegde persoon bedoel;

(ii) so 'n som 3 000 kW of meer is, moet die persoon wat aldus aangewys word 'n persoon wees soos in paragraaf (c) of (d) van genoemde omskrywing bedoel.

(b) By die toepassing van paragraaf (a) word die krag wat van die opwekking van stoom deur 'n bepaalde stoomketel verkry word in kW bereken deur die vervaardiger se berekende verdampingskapasiteit (in kg water per uur teen 100 °C) deur 21 te deel of, in die afwesigheid van so 'n berekende verdampingskapasiteit, deur die verhittingsoppervlakte van daardie stoomketel (in m$^2$) met 0,8 te vermenigvuldig.

(5) Indien, in die geval waar masjinerie op of in die betrokke perseel alleen vir die verspreiding van elektrisiteit gebruik word—

(a) die maksimum aanvraag oor enige aaneenlopende tydperk van 30 minute 3 000 kVA of minder is, moet die persoon wat ingevolge subregulasie (1) aangewys word 'n persoon wees soos in paragraaf (a) van die omskrywing van bevoegde persoon bedoel en as 'n installasie-elektrisiën ingevolge regulasie 11 (1) van die Elektriese Installasieregulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 2270 van 11 Oktober 1985, geregistreer wees;

(b) so 'n aanvraag meer as 3 000 kVA, maar minder as 10 000 kVA is, moet die persoon wat aldus aangewys word 'n persoon wees soos in paragraaf (b), (c) of (d) van genoemde omskrywing bedoel;

(c) so 'n aanvraag 10 000 kVA of meer is, moet die persoon wat aldus aangewys word 'n persoon wees soos in paragraaf (c) of (d) van genoemde omskrywing bedoel.

(6) Ondanks die bepalings van subregulasies (3), (4) en (5), kan die hoofinspekteur, onderworpe aan die voorwaardes wat hy oplê, 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie toelaat om 'n persoon wat oor 'n ander kwalifikasie as dié van 'n bevoegde persoon beskik ingevolge subregulasie (1) aan te wys.

(7) (a) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie kan een of meer bevoegde persone aanwys om 'n persoon, aangewys ingevolge subregulasie (1), behulpsaam te wees.

(b) Die hoofinspekteur kan 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie by skriftelike kennisgewing gelas om binne die tydperk in die kennisgewing vermeld die aldus vermelde getal persone wat oor die aldus vermelde kwalifikasies beskik, aan te wys om 'n persoon, aangewys ingevolge subregulasie (1), behulpsaam te wees.

***Supervision of machinery***

2. (1) In order to ensure that the provisions of the Act and these Regulations in relation to machinery are complied with, an employer or user of machinery shall, subject to this regulation, in writing designate a person in a full-time capacity in respect of every premises on or in which machinery is being used.

(2) The chief inspector may, subject to such conditions as he may impose, permit an employer or user of machinery to designate more than one person in terms of subregulation (1).

(3) Subject to the provisions of this regulation, an employee designated in terms of subregulation (1) shall be a competent person.

(4) (a) If—

(i) the sum of the power generated by machinery on or in the premises in question and the power derived from other sources, including the generation of steam for process purposes, exceeds 1200 kW, but is less than 3000 kW, the person designated in terms of subregulation (1) shall be a person as referred to in paragraph (b), (c) or (d) of the definition of "competent person";

(ii) any such sum is 3000 kW or more, the person so designated shall be a person as referred to in paragraph (c) or (d) of the said definition.

(b) For the purpose of paragraph (a), the power derived from the generation of steam by any particular boiler shall be calculated in kW by dividing the manufacturer's rated evaporative capacity (in kg of water per hour at 100 °C) by 21 or, in the absence of any such rated evaporative capacity, by multiplying the heating surface of that boiler (in m$^2$) by 0,8.

(5) If, in the case where machinery on or in the premises in question is used solely for the distribution of electricity—

(a) the maximum demand over any continuous period of 30 minutes is 3000 kVA or less, the person designated in terms of subregulation (1) shall be a person as referred to in paragraph (a) of the definition of "competent person" and registered as an installation electrician in terms of regulation 11 (1) of the Electrical Installation Regulations, promulgated under Government Notice R. 2270 of 11 October 1985;

(b) any such demand exceeds 3000 kVA, but is less than 10 000 kVA, the employee so designated shall be a person as referred to in paragraph (b), (c) or (d) of the said definition;

(c) any such demand is 10 000 kVA or more, the employee so designated shall be a person as referred to in paragraph (c) or (d) of the said definition.

(6) Notwithstanding the provisions of subregulations (3), (4) and (5), the chief inspector may, subject to such conditions as he may impose, permit an employer or user of machinery to designate a person who holds any qualification other than that of a competent person in terms of subregulation (1).

(7) (a) An employer or user of machinery may designate one or more competent persons to assist a person designated in terms of subregulation (1).

(b) The chief inspector may by written notice direct any employer or user of machinery to designate within the period specified in the notice the number of persons so specified holding the qualifications so specified to assist a person designated in terms of subregulation (1).

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(8) Behalwe met die goedkeuring van 'n inspekteur, mag geen persoon aangewys ingevolge subregulasie (1) of (7) toesig hou oor masjinerie op of in 'n ander perseel as die perseel ten opsigte waarvan hy aangewys is nie.

(9) Wanneer 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie 'n persoon bedoel in subregulasies (4) (a) en (5) (b) of (c) aanwys, moet hy onverwyld 'n afskrif van die aanstellingsbrief van daardie persoon aan die afdelingsinspekteur stuur.

(10) (a) Ondanks die bepalings van subregulasie (1) hoef geen werkgewer of gebruiker van masjinerie 'n persoon ingevolge daardie subregulasie aan te wys nie ten opsigte van enige hyser, goederehyser, roltrap of elektriese installasie in enige winkel of kantoor of op of in enige huishoudelike perseel, enige huishoudelike toerusting wat as sodanig gebruik word, enige masjinerie wat in verband met bouwerk gebruik word, enige voertuig of grondverskuiwingsapparaat of enige verkoelings-, afkoelings-, lugreëlings- of bevriesingsinstallasie wat deur 'n behoorlik gekwalifiseerde persoon geïnspekteer en in stand gehou word na aanleiding van 'n ooreenkoms deur so 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie aangegaan.

(b) Die hoofinspekteur kan 'n werkgewer of gebruiker van masjinerie in paragraaf (a) bedoel by skriftelike kennisgewing gelas om binne die tydperk in die kennisgewing vermeld 'n persoon wat oor die aldus vermelde kwalifikasies beskik ingevolge subregulasie (1) aan te wys.

(11) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie wat aansoek doen om vrystelling van die bepalings van hierdie regulasie kragtens artikel 32 van die Wet moet die volgende besonderhede aan die Minister verstrek, naamlik—

(a) die gronde vir die aansoek;

(b) die getal werknemers wat op of in die betrokke perseel werksaam is;

(c) die aard van die werk wat op of in die betrokke perseel verrig word;

(d) die getal en die tipe voorvalle wat gedurende die voorafgaande drie jaar ten opsigte van die betrokke perseel ingevolge artikel 17 (1) van die Wet aangemeld is;

(e) die veiligheidsbestuurstelsel wat ten opsigte van die betrokke perseel in bedryf is; en

(f) die ander besonderhede wat die hoofinspekteur verlang.

(12) Ondanks die bepalings van hierdie regulasie, mag masjinerie waaroor 'n persoon bedoel in paragraaf (b), (c) of (d) van die omskrywing van "bevoegde persoon" moet toesig hou vir 'n tydperk van hoogstens een maand in 'n tydperk van ses aaneenlopende maande in die afwesigheid van so 'n persoon gebruik word, indien dit, weens omstandighede buite die beheer van die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie of na die oordeel van 'n inspekteur, ondoenlik is om die bepalings van hierdie regulasie na te kom: Met dien verstande dat 'n persoon bedoel in paragraaf (a) van die genoemde omskrywing skriftelik aangewys moet word om gedurende so 'n afwesigheid oor die betrokke masjinerie toesig te hou.

***Beveiliging van masjinerie***

3. (1) Elke werkgewer of gebruiker van masjinerie moet—

(a) toesien dat alle masjinerie wat deur hom gebruik word, geskik is vir die doel waarvoor dit gebruik word, en dat dit op die wyse geïnstalleer, hanteer en in stand gehou word wat die blootstelling van persone aan toestande of omstandighede wat gevaarlik of potensiaal gevaarlik is, voorkom;

(8) Except with the approval of an inspector, no person designated in terms of subregulations (1) or (7) shall supervise machinery on or in any premises other than the premises in respect of which he had been designated.

(9) When an employer or user of machinery designates a person referred to in subregulations (4) (a), (5) (b) or (c), he shall forthwith forward to the divisional inspector a copy of the letter of appointment of that person.

(10) (a) Notwithstanding the provisions of subregulation (1), no employer or user of machinery needs to designate a person in terms of that subregulation in respect of any elevator, goods elevator, escalator or electrical installation in any shop or office or on, or in, any domestic premises, any domestic appliance used as such, any machinery used in connection with building work, any vehicle or earth-moving plant or any refrigeration, cooling, air-conditioning or freezing plant inspected and maintained by a duly qualified person in pursuance of an agreement entered into by any such employer or user of machinery.

(b) The chief inspector may by written notice direct any employer or user of machinery referred to in paragraph (a) to designate within the period specified in the notice a person holding the qualifications so specified in terms of subregulation (1).

(11) Any employer or user of machinery who applies for exemption from the provisions of this regulation under section 32 of the Act shall furnish the Minister with the following particulars, namely—

(a) the grounds for the application;

(b) the number of employees employed on or in the premises in question;

(c) the nature of the work performed on or in the premises in question;

(d) the number and type of incidents reported in terms of section 17 (1) of the Act during the preceeding three years;

(e) the safety management system in force in respect of the premises in question; and

(f) such other particulars as the chief inspector may require.

(12) Notwithstanding the provisions of this regulation, machinery required to be supervised by a person referred to in paragraph (b), (c) or (d) of the definition of "competent person" may be used in the absence of any such person for a period not exceeding one month in any continuous period of six months, if it is due to circumstances beyond the control of the employer or user of machinery concerned or in the opinion of an inspector, impracticable to comply with the provisions of this regulation: Provided that a person referred to in paragraph (a) of the said definition shall in writing be designated to supervise the machinery in question during such absence.

***Safeguarding of machinery***

3. (1) Every employer or user of machinery shall—

(a) ensure that all machinery used by him, is suitable for the purpose for which it is used, and that it is installed, operated and maintained in such a manner as to prevent the exposure of persons to hazardous or potentially hazardous conditions or circumstances;

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) in die besonder elke onbeskutte en gevaarlike deel van masjinerie wat binne die normale bereik van 'n persoon is, doeltreffend laat beveilig deur middel van omheining, afskerming of beskutting, behalwe waar 'n inspekteur skriftelike toestemming vir die weglating van sodanige beveiliging verleen het;

(c) toesien dat alle veiligheidstoerusting in goeie werkende toestand gehou en behoorlik gebruik word; en

(d) die kwaliteit van materiaal wat gebruik is in, en die konstruksie van masjinerie of veiligheidstoerusting geskik is vir die doel waarvoor dit bestem is.

(2) Waar masjinerie 'n gevaar vir persone inhou, moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie die betrokke perseel laat inperk en waar sodanige perseel onbewaak is, moet die aangewese ingange tot die perseel toe en gesluit gehou word.

(3) Tensy hy daartoe gemagtig is deur die werkgewer of gebruiker van masjinerie, mag geen persoon enige veiligheidstoerusting wat op die betrokke masjinerie betrekking het, verwyder nie.

***Hantering van masjinerie***

4. (1) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet toesien dat elke persoon wat gemagtig is om masjinerie te hanteer ten volle bewus is van die gevare daaraan verbonde en vertroud is met die voorsorgmaatreëls wat geneem of nagekom moet word om sodanige gevare uit die weg te ruim.

(2) Indien 'n persoon enige masjinerie hanteer wat voortdurende aandag verg ten einde ongelukke te vermy, mag hy onder geen omstandighede sy pos verlaat terwyl sodanige masjinerie in werking is nie, tensy hy afgelos word deur 'n persoon wat gemagtig en bevoeg is om sodanige masjinerie te hanteer.

(3) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet toesien dat enige masjinerie wat voortdurende aandag verg ten einde ongelukke te vermy onder die toesig van 'n skofman is wat te alle tye op die perseel teenwoordig moet wees terwyl sodanige masjinerie in werking is, en geen persoon mag sodanige masjinerie bedien of hanteer nie, behalwe onder die algemene toesig van 'n skofman.

(4) Geen persoon wat oor masjinerie toesig hou en geen persoon wat masjinerie hanteer, mag 'n ander persoon magtig om sy werk te doen sonder die toestemming van sy hoof nie.

(5) Indien masjinerie die veiligheid van persone bedreig of waarskynlik sal bedreig wanneer dit onverwags aangeskakel of elektries lewendig gemaak word, moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie alle redelike voorsorgmaatreëls tref ten einde te verseker dat sodanige masjinerie nie aldus aangeskakel of elektries lewendig gemaak word nie, en enige persoon wat van voorneme is om sodanige masjinerie aan te skakel of elektries lewendig te maak, moet alle redelike voorsorgmaatreëls tref ten einde te verseker dat die veiligheid van 'n persoon nie bedreig of waarskynlik bedreig sal word nie.

(6) Indien masjinerie wat in werking is die veiligheid van persone bedreig of waarskynlik sal bedreig, moet die persoon wat oor sodanige masjinerie toesig hou of dit hanteer of die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie, sodanige masjinerie stop of laat stop.

***Werk aan bewegende of elektries lewendig masjinerie***

5. (1) Geen werkgewer of gebruiker van masjinerie mag 'n persoon anders as 'n bevoegde persoon of 'n persoon wat tot bevrediging van 'n inspekteur opgelei is, toelaat of van hom vereis om enige werk te verrig aan of naby bewegende of elektries lewendige masjinerie nie indien sodanige werk hom in gevaar mag stel: Met dien verstande dat hierdie subregulasie nie van toepassing is nie ten opsigte van die hantering van masjinerie onder die algemene toesig van 'n skofman.

(b) in particular cause every exposed and dangerous part of machinery which is within the normal reach of a person to be effectively safeguarded by means of insulation, fencing, screening or guarding, except where an inspector has granted written permission for the omission of such safeguarding;

(c) ensure that all safety equipment is kept in a good working condition and is properly used; and

(d) ensure that the quality of material used in, and the construction, of the machinery or safety equipment is suitable for the purpose for which it was intended.

(2) Where machinery constitutes a danger to persons, the employer or user of machinery concerned shall cause the premises in question to be enclosed, and where such premises are unattended the designated entrances to such premises shall be kept closed and locked.

(3) Unless he has been authorised thereto by the employer or user of machinery, no person shall remove any safety equipment which relates to the machinery in question.

***Operation of machinery***

4. (1) An employer or user of machinery shall ensure that every person authorised to operate machinery is fully aware of the dangers attached thereto and is conversant with the precautionary measures to be taken or observed to obviate such dangers.

(2) If a person operates any machinery which requires constant attention in order to avoid accidents, he shall under no circumstances leave his post while such machinery is in operation, unless he is relieved by a person who is authorised and competent to operate such machinery.

(3) An employer or user of machinery shall ensure that any machinery which requires constant attention in order to avoid accidents is under the supervision of a shiftsman, who shall at all times be present on the premises while such machinery is in operation, and no person shall attend to or operate such machinery, except under the general supervision of a shiftsman.

(4) No person supervising machinery and no person operating machinery shall, without the permission of his superior, authorise any other person to do his work.

(5) If machinery threatens or is likely to threaten the safety of persons when it is unexpectedly set in motion or made electrically alive, the employer or user of machinery concerned shall take all reasonable precautionary measures in order to ensure that such machinery cannot be so set in motion or made electrically alive, and any person intending to set such machinery in motion or make it electrically alive shall take all reasonable precautionary measures in order to ensure that the safety of a person is not threatened or likely to be threatened.

(6) If machinery in operation threatens or is likely to threaten the safety of persons, the person supervising or operating such machinery or the employer or user of machinery concerned shall stop such machinery or cause it to be stopped.

***Working on moving or electrically alive machinery***

5. (1) No employer or user of machinery shall permit or require any person other than a competent person or a person who has been trained to the satisfaction of an inspector to do any work on or near moving or electrically alive machinery if such work may endanger him: Provided that this subregulation shall not apply in respect of the operation of machinery under the general supervision of a shiftsman.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet ten opsigte van werk wat aan of naby bewegende of elektries lewendige masjinerie verrig word, met inbegrip van die hantering van sodanige masjinerie, alle redelike voorsorgmaatreëls tref ten einde te verseker dat persone wat sodanige werk verrig nie beseer word nie: Met dien verstande dat 'n inspekteur te eniger tyd kan vereis dat die werkgewer of gebruiker van masjinerie die verdere voorsorgmaatreëls moet tref wat daardie inspekteur in die belang van veiligheid nodig ag.

(3) Geen persoon wat in die onmiddellike nabyheid van bewegende masjinerie werk, mag enige los boklere, enige juweliersware of ornament, enige horlosie of sleutelketting, of enige lang, loshangende hare of enigiets dra wat in die bewegende dele van sodanige masjinerie opgevang kan word nie, of deur die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie toegelaat word om dit te dra nie.

***Toestelle om masjinerie aan te sit en te stop***

6. (1) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet toestelle voorsien om masjinerie aan te sit en te stop, en hierdie toestelle moet—

(a) op 'n plek wees waar dit vinnig en maklik bereik kan word deur die persoon wat sodanige masjinerie hanteer; en

(b) so gemaak en gerangskik wees dat dit voorkom dat sodanige masjinerie per ongeluk aangesit word.

(2) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet positiewe middele voorsien om die kontroles van masjinerie wat deur 'n elektriese motor aangedryf word buite werking te stel terwyl herstelwerk of verstellings gedoen word, en sodanige middele mag nie net die blote afskakeling van 'n skakelaar wees nie.

(3) Indien masjinerie terselfdertyd deur twee of meer persone hanteer word, moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie sodanige masjinerie—

(a) by elke bedieningspunt voorsien van 'n stoptoestel wat uitsluit wanneer dit gebruik word en met die hand herset moet word voordat sodanige masjinerie weer aangesit kan word; en

(b) voorsien van 'n hoorbare waarskuwingsmeganisme wat afgaan voordat sodanige masjinerie begin werk: Met dien verstande dat 'n inspekteur skriftelike toestemming kan verleen vir alternatiewe voorsorgmaatreëls waardeur die veiligheid van daardie persone verseker word.

***Aanmelding van voorvalle in verband met masjinerie***

7. Elke voorval waarin—

(a) die breek of weiering van 'n deel van masjinerie 'n vallende of vlieënde voorwerp tot gevolg gehad het;

(b) masjinerie as gevolg van die weiering van 'n kontrole of veiligheidstoerusing buite beheer geraak het en 'n besering aan 'n persoon wat op of in sodanige masjinerie vervoer was of wat in die nabyheid daarvan was, kon veroorsaak het; of

(c) die breek of weiering van 'n deel van masjinerie waarin gas onder druk is die skielike loslating van gas tot gevolg gehad het,

moet onverwyld deur die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie by 'n inspekteur aangemeld word.

***Aanmeldbare stowwe***

8. (1) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie wat 'n stof in kolom 1 van Bylae I by hierdie regulasies uiteengesit, of 'n mengsel daarvan, in 'n hoeveelheid wat te eniger tyd gelyk is aan of meer is as die hoeveelheid teenoor daardie stof in kolom 2 vermeld op sy perseel in 'n enkele vaste bergingshouer het, moet onverwyld die afdelingsinspekteur daarvan in kennis stel op die vorm in Bylae B by hierdie Regulasies uiteengesit.

(2) An employer or user of machinery shall in respect of work performed on or near machinery which is in motion or is electrically alive including the operation of such machinery, take all reasonable precautionary measures in order to ensure that persons who perform such work are not injured: Provided that an inspector may at any time require of the employer or user of machinery to take such further precautionary measures as that inspector may deem necessary in the interest of safety.

(3) No person working in close proximity to moving machinery shall wear, or be permitted by the employer or user of machinery concerned to wear any loosely fitting outer clothing, any jewellery or ornament, any watch or key-chain, any long loose-hanging hair or anything which may be caught up in the moving parts of such machinery.

***Devices to start and stop machinery***

6. (1) An employer or user of machinery shall provide devices to start and stop machinery, and these devices shall—

(a) be in a position where they can readily and conveniently be reached by the person who operates such machinery; and

(b) be so constructed and arranged as to prevent the accidental starting of such machinery.

(2) An employer or user of machinery shall provide positive means for rendering the controls of machinery driven by an electric motor inoperative while repairs or adjustments are being made, and such means shall not only be the mere tripping of a switch.

(3) If machinery is simultaneously operated by two or more persons, the employer or user of machinery concerned shall provide such machinery—

(a) at every operation point with a stopping device which locks out when it is used and requiring manual resetting before such machinery can be restarted; and

(b) with an audible warning device to be sounded before the machinery is set in motion: Provided that an inspector may grant written permission for alternative precautionary measures whereby the safety of those persons is ensured.

***Reporting of incidents in connection with machinery***

7. Each incident in which—

(a) the fracture or failure of any part of machinery resulted in a falling or flying object;

(b) machinery ran out of control as a result of the failure of a control or safety equipment and could have caused an injury to a person who had been conveyed on or in such machinery or had been in the vicinity thereof; or

(c) the fracture or failure of any part of machinery in which gas is under pressure resulted in the sudden release of such gas,

shall be reported forthwith to an inspector by the employer or user of machinery concerned.

***Notifiable substances***

8. (1) An employer or user of machinery who has any substance set out in column 1 of Schedule A of these Regulations or any mixture thereof, in a quantity which at any time is equal to or in excess of the quantity specified opposite that the substance in column 2 on his premises in a single fixed storage vessel, shall forthwith notify the divisional inspector thereof on the form set out in Schedule B of these Regulations.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(2) Wanneer die opberging van 'n stof bedoel in subregulasie (1) gestaak word moet die betrokke werkgewer of gebruiker van masjinerie onverwyld die afdelingsinspekteur skriftelik daarvan in kennis stel.

***Inligting in verband met regulasies***

9. (1) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet elke persoon aangewys kragtens regulasie 2 (1) kosteloos voorsien van 'n afskrif van die Wet en die regulasies daarkragtens uitgevaardig.

(2) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet—

(a) ten opsigte van 'n stoomketel, 'n kennisgewing in die vorm uiteengesit in Bylae C by hierdie Regulasies; of

(b) ten opsigte van ander masjinerie as 'n stoomketel, 'n kennisgewing in die vorm uiteengesit in Bylae D by hierdie Regulasies,

in beide amptelike tale en in 'n leesbare vorm op 'n opsigtelike plek op of in die betrokke perseel aanbring.

(3) 'n Werkgewer of gebruiker van masjinerie moet 'n kennisgewing in subregulasie (2) bedoel aan alle werknemers wat nie 'n amptelike taal magtig is nie, laat verduidelik.

***Misdrywe en strawwe***

10. Iemand wat 'n bepaling van regulasie 2 (1), (4), (5), (8), (9) of (12), 3, 4, 5, 6, 7, 8 of 9 oortree of versuim om daaraan te voldoen of 'n kennisgewing kragtens regulasie 2 (7) (b) of 2 (10) (b) oortree, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R1 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande, en in die geval van 'n voortdurende oortreding, met 'n addisionele boete van hoogstens R5 of addisionele gevangenisstraf van een dag vir elke dag waarop die misdryf voortduur: Met dien verstande dat die tydperk van addisionele gevangenisstraf in geen geval 90 dae mag oorskry nie.

***Herroeping van regulasies***

11. (a) Regulasies C1, C4, C8, C9, met insluiting van Aanhangsels F11 en F13, C19, C21, C22, C23, C24, C25, C26, C27, C28, C51, C53 en C54 van die Regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 929 van 28 Junie 1963, word hierby herroep.

(b) Regulasie D2 van die Regulasies, afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1934 van 13 Desember 1963, word hierby herroep.

***Kort titel***

12. Hierdie Regulasies heet die Algemene Masjinerieregulasies, 1988.

(2) When the use of any substance referred to in subregulation (1) is discontinued, the employer or user of machinery shall forthwith notify the divisional inspector thereof in writing.

***Information regarding regulations***

9. (1) An employer or user of machinery shall furnish each person designated in terms of regulation 2 (1), free of charge, with a copy of the Act and the regulations made thereunder.

(2) Any employer or user of machinery shall affix—

(a) in respect of a boiler, a notice in the form set out in Schedule C to these Regulations; or

(b) in respect of any machinery other than a boiler, a notice in the form set out in Schedule D to these Regulations,

in both official languages and in legible form in a conspicuous place on or in the premises in question.

(3) Any employer or user of machinery shall cause any notice referred to in subregulation (2) to be explained to all employees who are not conversant with an official language.

***Offences and penalties***

10. Any person who contravenes or fails to comply with a provision of regulation 2 (1), (4), (5), (8), (9), or (12), 3, 4, 5, 6, 7, 8 or 9 or contravenes a notice under regulation 2 (7) (b) or (10) (b) or (12) shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine not exceeding R1 000 or to imprisonment for a period not exceeding six months, and, in the case of a continuous offence, with an additional fine of R5 or additional imprisonment of one day for each day on which the offence continues: Provided that the period of such additional imprisonment shall in no case exceed 90 days.

***Repeal of regulations***

11. (a) Regulations C1, C4, C8, C9, including Annexures F11 and F13, C19, C21, C22, C23, C24, C25, C26, C27, C28, C51, C53 and C54 of these Regulations, promulgated under Government Notice R. 929 of 28 June 1963, are hereby repealed.

(b) Regulation D2 of the Regulations, promulgated under Government Notice R. 1934 of 13 December 1963, is hereby repealed.

***Short title***

12. These Regulations shall be called the General Machinery Regulations, 1988.

## BYLAE A

(Regulasie 8)

AANMELDBARE STOWWE

| Identifikasienommer van die Verenigde Volke Organisasie | Kolom 1 Substans | Kolom 2 Hoeveelheid in ton |
|---|---|---|
| 1001 | Asetileen (opgelos) | 2 |
| 1005 | Ammoniak (watervry, vloeibaar en oplossings wat meer as 50% ammoniak bevat) | 20 |
| 1010 | Butadieen | 25 |
| 1031 | Koolstofdisulfied | 20 |
| 1017 | Chloor | 10 |
| 1154 | Diëtielamien | 20 |
| 1155 | Diëtieleter | 20 |
| 1033 | Dimetieleter | 20 |
| 1032 | Dimetielamien (watervry) | 20 |
| 1160 | Dimetielamien (oplossing) | 20 |
| 1035 | Etaan (saamgepers) | 15 |
| 1961 | Etaan (verkoelde vloeistof) | 15 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



| Identifikasienommer van die Verenigde Volke Organisasie | Kolom 1<br>Substans | Kolom 2<br>Hoeveelheid in ton |
|---|---|---|
| 1962 | Etileen (saamgepers) | 15 |
| 1038 | Etileen (verkoelde vloeistof) | 15 |
| 1036 | Etielamien | 25 |
| 1040 | Etileenoksied | 5 |
| 1050 | Waterstofchloried (watervry) | 10 |
| 1051 | Waterstofsianied (watervry) | 10 |
| 1052 | Waterstoffluoried (watervry) | 10 |
| 1969 | ISO-Butaan | 25 |
| 1055 | ISO-Butileen (Isobuteen) | 25 |
| 1075 | VPG (Vloeibare Petroleum Gas) | 25 |
| 1971 | Metaan (saamgepers) | 15 |
| 1011 | n-Butaan | 25 |
| 1012 | n-Butileen (Buteen) | 25 |
| 1076 | Fosgeen | 2 |
| 1978 | Propaan | 25 |
| 1077 | Propileen | 25 |
| 1079 | Swaeldioksied (vloeibaar) | 15 |
| 1829 | Swaeltrioksied (vloeibaar) | 15 |
| 1083 | Trimetielamien (watervry) | 25 |
| 1086 | Vinielchloried | 25 |

## SCHEDULE A

(Regulation 8)

NOTIFIABLE SUBSTANCES

| United Nations Organisation Identification Number | Column 1<br>Substance | Column 2<br>Quantity in Tonnage |
|---|---|---|
| 1001 | Acetylene (dissolved) | 2 |
| 1005 | Ammonia (anhydrous, liquified and solutions containing over 50 % ammonia) | 20 |
| 1010 | Butadiene | 25 |
| 1031 | Carbon disulphide | 20 |
| 1017 | Chlorine | 10 |
| 1154 | Diethylamine | 20 |
| 1155 | Diethyl Ether | 20 |
| 1033 | Dimethyl Ether | 20 |
| 1032 | Dimethylamine (anhydrous) | 20 |
| 1160 | Dimethylamine (solution) | 20 |
| 1035 | Ethane (compressed) | 15 |
| 1961 | Ethane (refrigerated liquid) | 15 |
| 1962 | Ethylene (compressed) | 15 |
| 1038 | Ethylene (refrigerated liquid) | 15 |
| 1036 | Ethylamine | 25 |
| 1040 | Ethylene oxide | 5 |
| 1050 | Hydrogen Chloride (anhydrous) | 10 |
| 1051 | Hydrogen Cyanide (anhydrous) | 10 |
| 1052 | Hydrogen Fluoride (anhydrous) | 10 |
| 1969 | ISO-Butane | 25 |
| 1055 | ISO-Butylene (Isobutene) | 25 |
| 1075 | L.P.G. (Liquid Petroleum Gas) | 25 |
| 1971 | Methane (compressed) | 15 |
| 1011 | n-Butane | 25 |
| 1012 | n-Butylene (Butene) | 25 |
| 1076 | Phosgene | 2 |
| 1978 | Propane | 25 |
| 1077 | Propylene | 25 |
| 1079 | Sulphur Dioxide (liquified) | 15 |
| 1829 | Sulphur Trioxide (liquified) | 15 |
| 1083 | Trimethylamine (anhydrous) | 25 |
| 1086 | Vinyl Chloride | 25 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**BYLAE B**

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983

KENNISGEWING INSAKE AANMELDBARE STOWWE

(Regulasie 8)

1. Naam van werkgewer of gebruiker van masjinerie ..........................................................................................................................................................
2. Adres van perseel waar die stof gehou word ..........................................................................................................................................................
3. Naam en VVO nommer van stof ..........................................................................................................................................................

Datum ................................ ..........................................

*Handtekening van werkgewer of gebruiker van masjinerie.*

**BYLAE C**

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983

KENNISGEWING TEN OPSIGTE VAN STOOMKETELS KRAGTENS REGULASIE 9 (2) VAN DIE ALGEMENE MASJINERIEREGULASIES, 1988

1. Elke werkgewer of gebruiker van masjinerie word by wet verplig om veiligheidstoerusting in verband met masjinerie te voorsien, en iemand wat versuim om sodanige toerusting behoorlik te gebruik of daaraan peuter, begaan 'n misdryf.
2. Geen stoomketel mag teen 'n hoër druk as die gemagtigde werksdruk werk nie.
3. Tensy stoom vir die werking van die stoomketel se hulptoestel getrek word, mag niemand stoom anders as deur die hoofstoomafsluitklep uit die stoomketel trek nie.
4. Geen persoon mag 'n stoomketel of sy gasgange binnegaan nie, tensy dit veilig is en die stoomafsluitklep, voerklep, afblaasklep en alle ander kleppe of krane afgesluit is.
5. Draagbare elektriese ligte wat gedurende skoonmaak, herstel of ondersoek van 'n stoomketel gebruik word, mag nie 50V oorskry nie.
6. Niemand mag water met warm vuurgangstof of -as in aanraking laat kom indien dit die veiligheid van werknemers bedreig of waarskynlik sal bedreig nie.
7. Enige ongeluk of ander voorval wat die veiligheid van werknemers bedreig of waarskynlik sal bedreig, moet onverwyld by die werkgewer of gebruiker van masjinerie aangemeld word.

**BYLAE D**

WET OP MASJINERIE EN BEROEPSVEILIGHEID, 1983

KENNISGEWING TEN OPSIGTE VAN ANDER MASJINERIE AS 'N STOOMKETEL KRAGTENS REGULASIE 9 (2) VAN DIE ALGEMENE MASJINERIEREGULASIES, 1988

1. Elke werkgewer of gebruiker van masjinerie word by wet verplig om veiligheidstoerusting in verband met masjinerie te voorsien en iemand wat versuim om sodanige toerusting behoorlik te gebruik of daaraan peuter, begaan 'n misdryf.
2. Geen persoon wat in die onmiddellike nabyheid van masjinerie werk, mag enige los boklere, enige juweliersware of ornament, enige horlosie of sleutelketting, enige lang loshangende hare of enigiets dra wat in die bewegende dele van sodanige masjinerie opgevang kan word nie.
3. Tensy 'n toestel goedgekeur deur 'n inspekteur gebruik word, mag 'n dryfband nie opgesit of afgegooi word terwyl masjinerie in werking is nie, behalwe in die geval van 'n ligte band wat op die keëlvormige katrol van masjiengereedskap verplaas mag word ten einde die werksnelheid van sodanige gereedskap te verander.
4. Masjinerie wat in werking is mag nie skoongemaak, herstel, verstel of ge-olie word nie, tensy sodanige masjinerie deur 'n bevoegde persoon skoongemaak, herstel, verstel of ge-olie word wanneer dit ondoenlik is om sodanige masjinerie te stop.
5. Geen ander persoon as 'n bevoegde persoon mag die beskermde gebied van masjinerie wat in werking is, betree nie, en dan slegs as dit ondoenlik is om sodanige masjinerie te stop.
6. Geen persoon wat onder die invloed van alkohol of verdowingsmiddels is mag 'n perseel waar masjinerie gebruik word binnegaan nie.
7. Enige ongeluk of ander voorval wat die veiligheid van werknemers bedreig of waarskynlik sal bedreig, moet onverwyld aan die werkgewer of gebruiker van masjinerie aangemeld word.
8. Geen persoon wat oor masjinerie toesig hou en geen persoon wat masjinerie hanteer, mag 'n ander persoon magtig om sy werk te doen sonder die toestemming van sy hoof nie.
9. Enige persoon wat van voorneme is om masjinerie aan te skakel moet voordat hy dit doen, homself tevrede stel dat geen ander persoon in gevaar gestel word nie.

**SCHEDULE B**

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983

NOTICE REGARDING NOTIFIABLE SUBSTANCES

(Regulation 8)

1. Name of employer or user of machinery ..........................................................................................................................................................
2. Address of premises where the substance is held ..........................................................................................................................................................
3. Name and UNO No. of substance ..........................................................................................................................................................

Date ................................ ..........................................

*Signature of employer or user of machinery.*

**SCHEDULE C**

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983

Notice in respect of boilers under Regulation 9 (2) of the General Machinery Regulations, 1988

1. Every employer or user of machinery is required by law to provide safety equipment in connection with machinery, and it is an offence for any person to fail to use such properly or to interfere with them.
2. No boiler shall be worked at a higher pressure than the authorised working pressure.
3. Unless steam is drawn for the operation of the boiler's auxiliary apparatus, no person shall draw steam from the boiler otherwise than through the main steam stop valve.
4. No person shall enter a boiler or its flues, unless it is safe and the steam-stop valve, feed valve, blow-off valve and all other valves or cocks are blanked off.
5. Portable electric lights used during the cleaning, repair or inspection of a boiler shall not exceed 50 V.
6. No person shall cause water to come into contact with hot flue dust or ashes if it threatens or is likely to threaten the safety of employees.
7. Any accident or other incident which threatens or is likely to threaten the safety of employees shall be reported immediately to the employer or user of machinery.

**SCHEDULE D**

MACHINERY AND OCCUPATIONAL SAFETY ACT, 1983

Notice in respect of machinery other than a boiler under regulation 9 (2) of the General Machinery Regulations, 1988

1. Every employer or user of machinery is required by law to provide safety equipment in connection with machinery, and it is an offence for any person to fail to use such equipment properly or to interfere with them.
2. No person working in close proximity to moving machinery shall wear any loosely fitting outer clothing, any jewellery or ornament, any watch or key chain, any long loose-hanging hair or anything which may be caught up in the moving parts of such machinery.
3. Unless an apparatus approved by an inspector is used, no driving belt shall be shipped or unshipped whilst machinery is in motion, except in the case of a light belt which may be shipped on the coned pulley of a machine tool in order to alter the working speed of such tool.
4. Machinery in motion shall not be cleaned, repaired, adjusted or oiled, unless such machinery is cleaned, repaired, adjusted or oiled by a competent person when it is impracticable to stop such machinery.
5. No person other than a competent person shall enter the safeguarded area of machinery in motion, and then only if it is impracticable to stop such machinery.
6. No person under the influence of alcohol or drugs shall enter any premises where machinery is used.
7. Any accident or other incident which threatens or is likely to threaten the safety of employees shall be reported immediately to the employer, or user of machinery.
8. No person supervising machinery and no person operating machinery shall, without the permission of his superior, authorize any other person to do his work.
9. Any person intending to start a machine shall before doing so satisfy himself that no other person is endangered.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**No. R. 1553** **5 Augustus 1988**

## VERBETERINGSKENNISGEWING

### WET OP MANNEKRAGOPLEIDING, 1981

NASIONALE MANNEKRAGOPLEIDINGSKOMITEE VIR DIE MYNBOUNYWERHEID.—AANWYSING VAN AMBAGTE EN VOORSKRYWING VAN LEERVOORWAARDES

Onderstaande verbetering aan Goewermentskennisgewing R. 2650, wat in *Staatskoerant* 11053 van 4 Desember 1987 verskyn het, word vir algemene inligting gepubliseer:

Skrap die Bylae by klousule 3 (3) in sy geheel in die Afrikaanse en die Engelse teks en vervang dit met die volgende:

"BYLAE

| Opvoedkundige kwalifikasies verwerf voor of gedurende vakleerlingskap | Per maand |
|---|---|
| *Groep I*<br>(i) Standerd 8-sertifikaat met Ambagsteorie en Werkwinkel praktyk verwant aan sy ambag, as slaagvakke........<br>(ii) Standerd 9-sertifikaat met Wiskunde as slaagvak ........<br>(iii) Standerd 10-sertifikaat sonder Wiskunde........<br>(iv) Standerd 10-sertifikaat (praktiese kursus of laer graad) met Wiskunde en Wetenskap of met Ambagsteorie en Werkwinkelpraktyk verwant aan sy ambag, as slaagvakke ........<br>(v) Vier vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel I (N1), met Ambagsteorie verwant aan sy ambag ........<br>(vi) Drie vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II (N2), met Ambagsteorie verwant aan sy ambag .......<br>(vii) Toepaslike Werkwinkeltegnologie of Toegepaste Tegnologieop T1-vlak ........ | R45 |
| *Groep II*<br>(i) Standerd 9-sertifikaat met Wiskunde en Wetenskap of Ambagsteorie en Werkwinkelpraktyk verwant aan sy ambag, as slaagvakke ........<br>(ii) Standerd 10-setifikaat met Wiskunde as slaagvak........<br>(iii) Vier vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel II (N2), met Ambagsteorie verwant aan sy ambag .......<br>(iv) Drie vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (N3), met Ambgasteorie verwant aan sy ambag ...... | R55 |
| *Groep III*<br>(i) Standerd 10-sertifikaat met Wiskunde en Wetenskap of Ambagsteorie en Werkwinkelpraktyk verwant aan sy ambag, as slaagvakke ........<br>(ii) Vier vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel III (N3), met Ambagsteorie verwant aan sy ambag ...... | R65 |
| *Groep IV*<br>(i) Vier vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel IV (N4)........<br>(ii) Ses vakke van die Nasionale Diploma (Ingenieurswese) op T1-vlak ........ | R80 |
| *Groep V*<br>(i) Vier vakke van die Nasionale Tegniese Sertifikaat, Deel V (N5)........<br>(ii) Ses vakke van die Nasionale Diploma (Ingenieurswese) op T2-vlak ........ | R90 |
| *Groep VI*<br>Vier vakke van die Nasionale Tegniese Setifikaat, Deel VI (N6) (Nasionale Tegniese Diploma)........ | R105 |

**No. R. 1553** **5 August 1988**

## CORRECTION NOTICE

### MANPOWER TRAINING ACT, 1981

NATIONAL MANPOWER TRAINING COMMITTEE FOR THE MINING INDUSTRY.—DESIGNATION OF TRADES AND PRESCRIPTION OF CONDITIONS OF APPRENTICESHIP

The following correction to Government Notice R. 2650, which appeared in *Gazette* 11053 of 4 December 1987, are published for general information:

Delete the Schedule to clause (3) (3) in its entirety in the Afrikaans and English text and replace it with the following:

"SCHEDULE

| Educational qualifications obtained prior to or during apprenticeship | Per month |
|---|---|
| *Group I*<br>(i) Standard 8 Certificate with Trade Theory and Workshop Practice related to his trade as subjects passed ........<br>(ii) Standard 9 Certificate with Mathematics as subject passed........<br>(iii) Standard 10 Certificate without Mathematics........<br>(iv) Standard 10 Certificate (practical course or lower grade) with Mathematics and Science or with Trade Theory and Workshop Practice related to his trade as subjects passed........<br>(v) Four subjects of the National Technical Certificate Part I (N1) with Trade Theory related to his trade ........<br>(vi) Three subjects of the National Technical Certificate Part II (N2) with Trade Theory related to his trade........<br>(vii) Relevant Workshop Technology or Applied Technology at T1 level........ | R45 |
| *Group II*<br>(i) Standard 9 Certificate with Mathematics and Science or Trade Theory and Workshop Practice related to his trade as subjects passed ........<br>(ii) Standard 10 Certificate with Mathematics as subject passed........<br>(iii) Four subjects of the National Technical Certificate Part II(N2) with Trade Theory related to his trade ........<br>(iv) Three subjects of the National Technical Certificate Part III (N3) with Trade Theory related to his trade........ | R55 |
| *Group III*<br>(i) Standard 10 Certificate with Mathematics and Science or Trade Theory and Workshop Practice related to his trade as subjects passed ........<br>(ii) Four subjects of the National Technical Certificate Part III (N3) with Trade Theory related to his trade........ | R65 |
| *Group IV*<br>(i) Four subjects of the National Technical Certificate Part IV (N4)........<br>(ii) Six subjects of the National Diploma (Engineering)at T1 level........ | R80 |
| *Group V*<br>(i) Four subjects of the National Technical Certificate Part V (N5)........<br>(ii) Six subjects of the National Diploma (Engineering) at T2 level........ | R90 |
| *Group VI*<br>Four subjects of the National Technical Certificate Part VI (N6) (National Technical Diploma) ........ | R105 |

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



*Groep VII*

| | |
|---|---|
| Ses vakke van die Nasionale Diploma (Ingenieurswese) op T3-vlak | R115 |

*Groep VIII*

| | |
|---|---|
| Ses vakke van die Nasionale Diploma (Ingenieurswese) op T4-vlak (Nasionale Hoër Diploma: Ingenieurswese) ............ | R125 |

**No. R. 1558** **5 Augustus 1988**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

HOEDENYWERHEID (TRANSVAAL).—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Direkteur: Mannekrag, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 2477 van 19 November 1982, R. 1898 van 31 Augustus 1984 en R. 1807 van 29 Augustus 1986 van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 April 1990 eindig.

M. W. J. LE ROUX,
Direkteur: Mannekrag.

**No. R. 1559** **5 Augustus 1988**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

VERVOERBEDRYF—NIE-BLANKE PASSASIERS, DURBAN.—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Direkteur: Mannekrag, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewings R. 1672 van 17 September 1976, R. 809 van 13 Mei 1977 en R. 511 van 14 Maart 1980 van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 30 September 1988 eindig.

M. W. J. LE ROUX,
Direkteur: Mannekrag.

**No. R. 1560** **5 Augustus 1988**

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

DRANK- EN SPYSENIERSBEDRYF, DURBAN.—HERNUWING VAN HOOFOOREENKOMS

Ek, Mattheus Willem Johannes le Roux, Direkteur: Mannekrag, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, verklaar hierby, kragtens artikel 48 (4) (a) (ii) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, dat die bepalings van Goewermentskennisgewing R. 539 van 23 Maart 1979, R. 1598 van 1 Augustus 1980, R. 441 van 12 Maart 1982, R. 1431 van 28 Junie 1985, R. 1780 van 29 Augustus 1986 en R. 1100 van 22 Mei 1987, van krag is vanaf die datum van publikasie van hierdie kennisgewing en vir die tydperk wat op 31 Oktober 1988 eindig.

M. W. J. LE ROUX,
Direkteur: Mannekrag.

*Group VII*

| | |
|---|---|
| Six subjects of the National Diploma (Engineering) at T3 level | R115 |

*Group VIII*

| | |
|---|---|
| Six subjects of the National Diploma (Engineering) at T4 level (National Higer Diploma: Engineering) ..................... | R125 |

**No. R. 1558** **5 August 1988**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

MILLINERY INDUSTRY (TRANSVAAL).—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Director: Manpower, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 2477 of 19 November 1982, R. 1898 of 31 August 1984 and R. 1807 of 29 August 1986 to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 April 1990.

M. W. J. LE ROUX,
Director: Manpower.

**No. R. 1559** **5 August 1988**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

NON-EUROPEAN PASSENGER TRANSPORTATION TRADE, DURBAN.—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Director: Manpower, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 1672 of 17 September 1976, R. 809 of 13 May 1977 and R. 511 of 14 March 1980 to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 30 September 1988.

M. W. J. LE ROUX,
Director: Manpower.

**No. R. 1560** **5 August 1988**

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

LIQUOR AND CATERING TRADE, DURBAN.—RENEWAL OF MAIN AGREEMENT

I, Mattheus Willem Johannes le Roux, Director: Manpower, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, hereby, in terms of section 48 (4) (a) (ii) of the Labour Relations Act, 1956, declare the provisions of Government Notices R. 539 of 23 March 1979, R. 1598 of 1 August 1980, R. 441 of 12 March 1982, R. 1431 of 28 June 1985, R. 1780 of 29 August 1986 and R. 1100 of 22 May 1987, to be effective from the date of publication of this notice and for the period ending 31 October 1988.

M. W. J. LE ROUX,
Director: Manpower.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



# DEPARTEMENT VAN NASIONALE GESONDHEID EN BEVOLKINGS-ONTWIKKELING

**No. R. 1530** **5 Augustus 1988**

REGULASIES BETREFFENDE DIE VERPLIGTE AANMELDING VAN GEBOORTES.—WYSIGING

Die Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling het kragtens artikel 33 (2) van die Wet op Gesondheid, 1977 (Wet 63 van 1977), die regulasies uiteengesit in die Bylae hiervan, uitgevaardig.

## BYLAE

1. In hierdie Bylae beteken "die Regulasies" die regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing R. 1575 van 19 Julie 1985, soos gewysig by Goewermentskennisgewings R. 2223 van 4 Oktober 1985, R. 538 van 27 Maart 1986, R. 1098 van 6 Junie 1986, R. 2200 van 24 Oktober 1986, R. 1098 van 22 Mei 1987, R. 143 van 5 Februarie 1988 en R. 1068 van 10 Junie 1988.

2. Aanhangsel A van die Regulasies word hierby gewysig deur die toevoeging, in alfabetiese volgorde, van die volgende plaaslike besture:

Munisipaliteite en Stadsrade:

Aliwal-Noord.

Cradock.

Dordrecht.

Graaff-Reinet.

# DEPARTMENT OF NATIONAL HEALTH AND POPULATION DEVELOPMENT

**No. R. 1530** **5 August 1988**

REGULATIONS RELATING TO THE COMPULSORY NOTIFICATION OF BIRTHS.—AMENDMENT

The Minister of National Health and Population Development has, in terms of section 33 (2) of the Health Act, 1977 (Act 63 of 1977), made the regulations set out in the Schedule hereto.

## SCHEDULE

1. In this Schedule "the Regulations" means the regulations published under Government Notice R. 1575 of 19 July 1985, as amended by Government Notices R. 2223 of 4 October 1985, R. 538 of 27 March 1986, R. 1098 of 6 June 1986, R. 2200 of 24 October 1986, R. 1098 of 22 May 1987, R. 143 of 5 February 1988 and R. 1068 of 10 June 1988.

2. Annexure A to the Regulations is hereby amended by the addition, in alphabetical order, of the following local authorities:

Municipalities and City Councils:

Aliwal North.

Cradock.

Dordrecht.

Graaff-Reinet.

# DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

**No. R. 1520** **5 Augustus 1988**

WET OP ARGITEKTE, 1970 (WET 35 VAN 1970)

WYSIGING VAN GELDETARIEF

Ek, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister van Mannekrag en van Openbare Werke en Grondsake maak hierby kragtens artikel 7 (6) van die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), bekend dat ek, na oorweging van 'n ter sake dienende aanbeveling van die Suid-Afrikaanse Raad vir Argitekte, kragtens artikel 7 (3) (b) van genoemde Wet die geldetarief soos in die Bylae uiteengesit, voorgeskryf het.

## BYLAE

GELDETARIEF WAAROP 'N ARGITEK GEREGTIG IS VIR DIENSTE DEUR HOM GELEWER

***Woordomskrywing***

1. In hierdie Bylae het 'n woord of uitdrukking waaraan in die Wet op Argitekte, 1970 (Wet 35 van 1970), 'n betekenis geheg is, die betekenis aldus daaraan geheg, en, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"projek" 'n gebou of skema waarvoor 'n argitek aangestel is;

"werke" 'n gebou of skema, soos uitgevoer of in aanbou.

***Berekening van persentasiegelde***

2. (a) Die persentasiegelde wat kragtens hierdie Bylae gevorder word, moet bereken word op die totale beraamde koste van die projek of op die finale koste van die werke in 'n kontrak, na gelang van die geval, met inbegrip van die koste van die elektriese, meganiese en ander gespesialiseerde dienste wat 'n integrerende deel van die ontwerp van die werke vorm: Met dien verstande dat sodanige beraamde of finale koste die koste insluit van enige deel van die werke wat ingevolge 'n subkontrak of 'n aparte kontrak uitgevoer word.

# DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

**No. R. 1520** **5 August 1988**

ARCHITECTS' ACT, 1970 (ACT 35 OF 1970)

AMENDMENT OF TARIFF OF FEES

I, Pieter Theunis Christiaan du Plessis, Minister of Manpower and of Public Works and Land Affairs do hereby, in terms of section 7 (6) of the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970), make known that I have, after consideration of a relevant recommendation of the South African Council for Architects, and in terms of section 7 (3) (b) of the said Act prescribed the tariff of fees contained in the Schedule hereto.

## SCHEDULE

TARIFF OF FEES TO WHICH AN ARCHITECT IS ENTITLED FOR SERVICES RENDERED BY HIM

***Definitions***

1. In this Schedule an expression, or word to which a meaning has been assigned in the Architects' Act, 1970 (Act 35 of 1970), shall bear the meaning so assigned thereto, and, unless the context otherwise indicates—

"project" means a building or scheme for which an architect is commissioned;

"works" means a building or scheme as executed or in the course of construction.

***Calculation of percentage fees***

2. (a) The percentage fee to be charged in terms of this Schedule shall be calculated on the total estimated cost of the project or on the final cost of the works in a contract, as the case may be, including the cost of the electrical, mechanical and other specialist services which are an integral part of the design of the works: Provided that such estimated or final cost shall include the cost of any portion of the works carried out under a subcontract or a separate contract.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



(b) Waar werke geheel en al of gedeeltelik met ou of reeds gebruikte materiaal uitgevoer word, of waar materiaal, arbeid of vervoer deur die kliënt verskaf word, word die persentasiegelde bereken asof die werke geheel en al uitgevoer is deur 'n aannemer wat alle arbeid en nuwe materiaal verskaf.

(c) Persentasiegelde sluit nie uitgawes wat noodsaaklikerwys aangegaan is vir reis- en verblyfkoste, kopieë van tekeninge, afskrifte van dokumente en ander soortgelyke onkoste in nie.

***Gelde vir volle professionele dienste***

*Nuwe werke*

3. 'n Argitek vorder vir sy professionele dienste in verband met nuwe werke gelde van 6 persent van die finale koste van die werke.

*Werke aan bestaande geboue*

4. 'n Argitek vorder vir sy professionele dienste in verband met werke aan bestaande geboue—

(a) gelde van 6 persent van die finale koste van die werke, en

(b) die tydgelde voorgeskryf in paragraaf 6 vir die meet, opmeet en opteken van die bestaande strukture.

***Weglating van die oorspronklike items***

